# Afrikaans

## WEEK 5
## VRYDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

**BEGRIPLEES:** Lees die gedeelte en beantwoord die vrae in goeie sinne.

# Die bolpuntpen

Die meeste mense beskou die bolpuntpen as 'n onlangse uitvinding, maar in werklikheid was dit reeds in 1880 bekend. Dit kon egter eers van 1943 af ekonomies vervaardig word. In daardie jaar het die Amerikaanse lugmag 'n pen gesoek wat nie beïnvloed sou word deur skielike veranderinge in hoogte nie. Die bolpuntpen was die enigste pen wat aan hierdie vereiste kon voldoen, en dit was so geslaag dat dit gou algemeen gebruik is.

Die pen self word gewoonlik van metaal, ondeursigtige plastiek of deurskynende plastiek gemaak. Die dop beskerm die punt in modelle wat nie 'n intrekbare punt het nie. Die hakie waaraan mens die pen in jou baadjiesak ophang, is ook aan die dop in eersgenoemde modelle.

'n Veertjie wat deur 'n stafie saamgedruk word, stel die punt in sommige modelle in staat om in die pen teruggetrek te word.

Die inkhouer is gewoonlik van 'n deursigtige plastiekstof sodat 'n mens kan sien hoeveel ink daar nog in die pen is.

Geen inkpotte word benodig nie. Die bolpuntpen het 'n inkhouer wat vervang word wanneer dit leeg is, en nie hervul word soos by die vulpen nie. Goedkoop modelle word vervang deur 'n nuwe pen te koop. Die gewone bolpuntpen het genoeg ink dat mens 'n lyn van 3 km lank daarmee kan trek.

Daar is geen behoefte aan kladpapier nie, aangesien die ink feitlik onmiddellik droog word.

Bolpuntpenne skryf vinniger as gewone penne, aangesien die bolpunt makliker en met minder wrywing oor die papier beweeg as 'n gewone penpunt.

Dit word nie beïnvloed deur veranderinge in hoogte nie, en kan dus ook deur lugreisigers gebruik word.

Die streep wat die bolpuntpen maak, het 'n konstante dikte en die pen is dus nie geskik vir skoonskrif of sierskrif nie.

Wanneer 'n mens met 'n bolpuntpen skryf, word jou hand gouer moeg as wanneer jy met 'n gewone pen skryf omdat 'n mens harder moet druk.

Uit: *Kennis* – Human en Rousseau

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VRAE:

- 1) Hoe oud is die uitvinding van die bolpunt pen?
- 2) Waarom het die Amerikaanse lugmag die bolpunt pen so geskik gevind?
- 3) Skryf die sin neer wat vir ons sê dat bolpuntpenne eers baie later teen ’n baie laer koste vervaardig kon word.
- 4) Van water twee materiale word bolpuntpenne gewoonlik vervaardig?
- 5) ’n Stof waardeur ons kan sien, noem ons ’n .......stof.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1)Die bolpuntpen is 140 jaar gelede uitgevind.
- 2)Die lugmag het die bolpuntpen geskik gevind, want die pen was nie beïnvloed deur skielike veranderings in hoogte nie.
- 3)"Dit kon egter eers van 1943 af ekonomies vervaardig word."
- 4)Bolpuntpenne word van metaal en plastiek vervaardig.
- 5) deurskynende/deursigtige stof

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**SPEL:** Leer die 5 y-woorde en maak ’n sin met elk!

- 1) wedstryd
- 2) verdwyn
- 3) veiligheid
- 4) tydskrif
- 5) syfer



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

**LEES**: **Lees weer die storie van die bolpuntpen hardop. Luister na jouself terwyl jy dit lees.**

**Onthou om met die regte tempo te lees en moenie woorde herhaal nie.**

## Die bolpuntpen

Die meeste mense beskou die bolpuntpen as 'n onlangse uitvinding, maar in werklikheid was dit reeds in 1880 bekend. Dit kon egter eers van 1943 af ekonomies vervaardig word. In daardie jaar het die Amerikaanse lugmag 'n pen gesoek wat nie beïnvloed sou word deur skielike veranderinge in hoogte nie. Die bolpuntpen was die enigste pen wat aan hierdie vereiste kon voldoen, en dit was so geslaag dat dit gou algemeen gebruik is.

Die pen self word gewoonlik van metaal, ondeursigtige plastiek of deurskynende plastiek gemaak. Die dop beskerm die punt in modelle wat nie 'n intrekbare punt het nie. Die hakie waaraan mens die pen in jou baadjiesak ophang, is ook aan die dop in eersgenoemde modelle.

'n Veertjie wat deur 'n stafie saamgedruk word, stel die punt in sommige modelle in staat om in die pen teruggetrek te word.

Die inkhouer is gewoonlik van 'n deursigtige plastiekstof sodat 'n mens kan sien hoeveel ink daar nog in die pen is.

Geen inkpotte word benodig nie. Die bolpuntpen het 'n inkhouer wat vervang word wanneer dit leeg is, en nie hervul word soos by die vulpen nie. Goedkoop modelle word vervang deur 'n nuwe pen te koop. Die gewone bolpuntpen het genoeg ink dat mens 'n lyn van 3 km lank daarmee kan trek.

Daar is geen behoefte aan kladpapier nie, aangesien die ink feitlik onmiddellik droog word.

Bolpuntpenne skryf vinniger as gewone penne, aangesien die bolpunt makliker en met minder wrywing oor die papier beweeg as 'n gewone penpunt.

Dit word nie beïnvloed deur veranderinge in hoogte nie, en kan dus ook deur lugreisigers gebruik word.

Die streep wat die bolpuntpen maak, het 'n konstante dikte en die pen is dus nie geskik vir skoonskrif of sierskrif nie.

Wanneer 'n mens met 'n bolpuntpen skryf, word jou hand gouer moeg as wanneer jy met 'n gewone pen skryf omdat 'n mens harder moet druk.

Uit: *Kennis* – Human en Rousseau

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# **SKRYF**: Kreatiewe skryfwerk

Gaan soek 'n polpuntpen! Bekyk die pen goed.

1) **Verbeel jou jy is die pen**.
2) Skryf 'n paragraaf oor die dag in jou lewe.
3) Jy mag maar idiome, vergelykings en intensiewe vorme gebruik, want dit kleur jou taal in.

Laerskool Mikro Kopiereg ©